**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 1192/2004

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

versus

**ERIC LOUW**

---

**CORAM:** LOMBARD *et* WRIGHT RR

---

**UITSPRAAK:** LOMBARD R

---

**GELEWER OP:** 2 DESEMBER 2004

---

Die beskuldigde is tereg aan diefstal skuldig bevind en as volg gevonnis:

> "Nege (9) maande gevangenisstraf opgeskort vir vier (4) jaar op voorwaarde dat beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal of poging daar toe gepleeg binne tydperk van opskorting nie. Verder word beskuldigde beveel om R7 700-00

> by die Klerk van die Hof, Petrusburg in te betaal teen R700 per maand. Eerste betaling van R700 voor of op 30/7/04 en daarna R700 aan die einde van daaropvolgende maande tot Junie 2005 wanneer die laaste betaling van R700 gemaak sal word. Vir oorbetaling aan klaagster vir skade
> gely."

Ek het meerdere navrae aan die landdros aangaande die bewoording van die opskortende voorwaardes gerig en dit word nou toegegee dat die aanvanklike voorwaardes nie duidelik en korrek bewoord was nie. In die omstandighede word die skuldigbevinding bekragtig, maar die vonnis word deurgehaal en met die volgende vervang:

> "Nege (9) maande gevangenisstraf opgeskort vir vier (4) jaar op die volgende voorwaardes (a) dat die beskuldigde nie weer skuldig bevind word aan diefstal of poging daartoe gepleeg binne tydperk van opskorting nie (b) dat genoemde beskuldigde R7,700-00 (Sewe Duisend Sewe Honderd Rand) in paaiemente by die Klerk van die Hof inbetaal teen R700-00 (Sewe Honderd Rand) per maand. Die eerste betaling moet geskied voor of op die 10de Augustus 2004 en daarna R700-00 (Sewe Honderd

> Rand) op die 10de van elke maand tot op 10 Junie 2005 wanneer die laaste betaling van R700-00 (Sewe Honderd Rand) gemaak moet word."

Die vonnis sal geag word op 8 Julie 2004 opgelê te gewees het. Ek wil net volledigheidshalwe verduidelik dat hierdie hersiening vir een of ander rede iewers verlore geraak het en daarom het hierdie uitspraak eers op so 'n laat stadium die lig gesien.

**D.J. LOMBARD, R**

Ek stem saam.

**G.F. WRIGHT**

/sp